2019 AREAVERSLAG:
Area 3

2019 was in vele opsigte ‘n baie moeilike jaar – plattelandse besighede en boere kry swaar! VLU lede voel dit en ondersteun mekaar. Ons stap hand aan hand met elke gemeenskap.

Lede van takke het kontak met mekaar deur “whatts-app” groepe. Alle takke het ‘n jaarprogram rakende vergaderings. Daar word nog aktief deelgeneem aan konferensie artikels asook op kongresvlak. Kompetisies word ondersteun. Tydens kongres-beoordeling behaal Area 3 die 1ste plek in borduurwerk. Ons hou ook ‘n blomme demonstrasie wat deur 2 van ons lede aangebied word.

Alle takke neem deel aan die “pannekoek en pantoffel” projek. Asrivier deel tekkies uit aan Charlotte Theron Kinderhuis ipv pantoffels.
Al die takke neem ywerig deel aan die “Boks vir ‘n boervrou” projek.

Area 3 is ook nou betrokke by “Changenet SA”, ‘n instansie wat geregistreer is by die regering. Oral word sakke vol herbruikbare klere bymekaar gemaak. Hierdie projek bereik sy hoogtepunt tydens kongres, waar die hele Vrystaat deelneem en uitdeel. Wat ‘n voorreg!
Klere word in 3 kategorieẽ verdeel – goeie klere, minder goeie klere en onbruikbare klere soos T-hemde. Die onbruikbare klere word dan aan besighede verkoop, soos bv. werktuigkundiges vir olielappe.
Area 3 word hiermee genomineer as ‘n “golden heart” organisasie, wat nooit terughou nie maar, altyd “:gee” waar dit nodig is. Tydens konferensie 2019 ontvang ons UB-lid ons toekenning vanaf Me Karin Loots.
Takke se finansies lyk almal goed. Almal werk hard saam om die finansies aan te vul. Kompetisies word voluit benut. Ons bied ook suksesvolle seminare gedurende April en November aan. Ons behaal op krongresvlak gereelde radio-onderhoude oor wat die VLU doen, ons projekte en inligting word aan luisteraars blootgestel.
Van die takke is nou betrokke by Boereverenigings, deur kos te maak tydens hulle vergaderings of gedurende veilings, ens. Daniẽlsrus, Tweeling, Fouriesburg en Kestell werk hard vir en saam met die boere.
Oral deur die area word bejaarde etes gehou. Takke kuier ook bymekaar en bou vriendskappe op. Mnr Ian van Staden leer die dames foto’s neem, met hul selfone, tydens vergaderings. ATKV boekie verkope vind plaas. “Pennies for friendship” word ingesamel en alle takke stap vir “woman walk the world” projek.

Asrivier sê: hulle is in 2020 weer tot diens van God – vir mekaar, ons medemens en onsself. Met hul vrouwees vergadering leer hulle van 4 hoof persoonlikhede dmv kleurindeling:
Geel: Hierdie mense het baie pret en lag baie en veroorsaak ook baie lag en pret.
Rooi: Hulle is leiers en wil beheer uitoefen.
Blou: Hierdie mense is reg en korrek… 100%.
Groen: Hulle is rustig en tevrede.
Elke mens het 'n mengsel van 2 kleure. Maak vrede met wie "jy" is en ontwikkel met die hulp van die Here die ware 'jy".
"Colour is a power which directly influences the soul".
Bethlehem-Kosmos:Elize Claase besoek die tak en vertel van hulle winkel waar jy tweedehandse goedere kan aankoop. Hulle gaan ook op 'n uitstappie na 'n aartappelplaas. "Gesondheid uit die grond uit" is hulle slagspreuk. Hulle kyk na hulself, kry voetbehandelings, leer meer oor griepinspuitings en vitamines. Dit is 'n baie bedrywige tak met hope stamina.

Daniëlsrus:Aan liefdadigheidswerk het Daniëlsrus-tak 2019 werklik baie hard gewerk. Hul broodjies wat tydens die konferensie gekry is word, uitgedeel aan die "car guards". Pannekoek en pantoffels word uitgedeel aan "Pathways" asook 'n kontant bedrag. Pannekoeke word ook uitgedeel aan Salileni en St Pauls op Reitz, en nog vele ander projekte. Verder werk hulle hard en beplan aan konferensie 2020. Hulle hou ook 'n safari-ete en kuier die aand saam met die manne van die boerevereeniging. Hier werk mans en vrouens saam vir die VLU.
Fouriesburg: leer hul lede dat ons die sout van die aarde moet wees. Daar word ook meer vertel oor noodhulp, ens. Hulle leer ook van verskillende soorte masjiennaalde en waar om dit toe te pas. Hulle doen houtsneewerk. Maak ook 'n toer Ysland toe mee.
Hulle sluit die jaar af met Ps 37:4. "Vind jou vreugde in die Here en Hy sal jou gee wat jou hart begeer". Hulle vreugde lê in ons Hemelse Vader.
Hulle dien ook 'n beskrywingspunt in om "Robertson Spices" se "piekel speserye" weer op die mark terug te bring. Hulle gee ook afslag op ledegeld, aan lede wat die vergaderings puik bywoon.
Kestell kuier saam, lag saam en werk saam asook op gemeenskaps gebied. Hulle hou fondsinsamelings deur Vaders- en Moedersdag geskenke. Een van hulle lede Me Alti van Vuuren word op die SA-paneel van beoordelaars geplaas – 'n ware staatmaker! Hulle ondersoek dagga, maak skinkbordlappies en bon-bons. Leer ook hoe om 'n testament op te stel en leer verskillende soorte krytverf aan. Gaan lê besoek af by Trans-Natal glasfabriek in Krugersdorp en maak ook die dorp se begraafplaas skoon.
Hulle sê: If you look at what you have in life you'll always have more. If you look at what you don't have in life you'll never have enough!
Reitz kuier heerlik saam met die ouetehuis se inwoners tydens die pannekoek en pantoffel projek. Hulle behandel ook gesondheid en kom tot die slotsom djy jou moet oppas en 'n goeie verhouding met jou dokter moet hê. Hulle gaan kuier by "Funky Kwilt" in Frankfort en almal wil net kwilt en laat ons met die vraag… wil jy iets doen?
Reitz VLU het die jaar probeer leef sodat ons as lede mekaar waardeer, liefhet en mekaar gebruik. Hulle sê:
You are loved,
You are valuable,

You are crafted with beauty and purpose.
I treasure you and this world needs you.
There is no one like you!
Tweeling-tak is deur ‘n moeilike jaar as gevolg van min lede, swak ekonomie en slegte paaie om vergaderings te kan bywoon. Hulle besluit egter – ons word 90 jaar oud en ons gaan aan! Hulle neem aktief deel aan al die projekte in Area 3 en sluit die jaar af met 7 lede en 2 suksesvolle vergaderings. Weer die vraag: Wil jy of wil jy nie?
Waterbron-tak hou van “droom”. Hulle versier bottles vir ‘n geskenk met verskillende temas. Hulle trek ook bokse en leërs oor en versier koeke.
Hulle is ook besig met ‘n verjaardag kalender projek.
Hulle deel fudge uit aan Witteberg onderwysers vir Onderwysersdag en samel broodknippies en bottelproppe in om ‘n rolstoel te kan bekom.
Hulle takprojekte is die volgende:
Hulle het 3 Sonskyntannies vir wie hulle finansieel ondersteun. Elke span het ‘n tannie met wie se verjaardag hulle spesiale moeite doen.

Hulle pak ook “Santa shoe boxes” vir tienerdogters.
Hulle het ook ‘n omgee hart vir hulle eie lede. Elke lid voorsien ‘n geskenk van R50.00 vir verjaardaggeld en elke lid wat ouma word ontvang ‘n boekie vir die kleinding.
Hulle koop 4 groot waaiers vir die Ben du Toit klubhuis aan, vir waardering, omdat hulle die fasiliteite gebruik, tydens hulle vergaderings.

Drie van ons area se takke word vanjaar 90 jaar oud, nl. Daniëlsrus, Kestell en Tweeling!

Ten slotte:
Dit is my bede dat VVLU van krag tot krag sal gaan en dat VLU vriendskappe vir jou ‘n boom sal wees waar jy skuiling vind.

Henti Scheepers
UB Area 3